# General Notices • Algemene Kennisgewings

## NON-GOVERNMENTAL ORGANIZATION

## NOTICE 3960 OF 2026

Aan die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika en die RSA Administrasie as geheel, die Verenigde Nasies, Brics Nasies en die geheel van die Wêreldbevolking in hulle persoonlike en/of verteenwoordigende hoedanigheid en aan die Boervolk.

Die RSA regering en administrasie is in onregmatige besit en/of beheer van die Boervolk se grondgebied en ‘n manifestasie van kolonialisme soos uiteengesit in staatskoerantkennisgewings 3586/2025, 3651/2025 en 7053 op 30 Januarie 2026;

En aangesien die Boervolk van Transvaal en die Oranjevrijstaat internasionaal erkende soewereine volke is wat van hulle grondgebied ontneem is en onderdruk is deur kolonialisme en manifestasies van kolonialisme sedert 31 Mei 1902;

En aangesien dit duidelik blyk dat Brittanje of haar agent, die huidige administrasie van die RSA, nooit van plan was om te presteer soos per die terme van die Vredesverdrag van Vereeniging nie, tesame met die beginsels soos neergelê in voormelde goewermentskennisgewings en geskoei op die Richtersveld saak, -bygevolg is die geheel van die RSA administrasie ‘n valse fasade en derhalwe niks anders as ‘n versinsel en bygevolg ab initio nietig;

en omdat geen hof in die RSA by magte is om oor sodanige feitestel te beslis nie, -soos uitgewys deur die Hoëhof te Bloemfontein in die Hattingh saak in 2025;

En aangesien Resolusie 1514/60 van die Verenigde Nasies bepaal dat alle volke geregtig is op selfbeskikking en dat geen gebrek aan politiese-, ekonomiese-, sosiale- en geletterdheidsfaktore, -waar en indien van toepassing mag wees, ooit as voorwendsel gebruik mag word om onafhanklikheid te verhinder nie;

En aangesien die Internasionale hof in die Serwië Kosovo aangeleentheid bepaal het dat n onderdrukte volk nie die toestemming van sy onderdrukker nodig het om sy onafhanklikheid aan te kondig en eensydiglik uit te roep nie;

En aangesien die RSA administrasie, -legitiem of nie, se eie Grondwet onderhorigheid deur die RSA Administrasie aan Internasionale Reg vereis;

En aangesien daar geen legitieme besware ge-opper is en bestaan teen die voormelde staatskoerantkennisgewings en/of die inhoud daarvan nie, - derhalwe onbetwis;

En aangesien die Boervolk van die Oranjevrijstaat en die Boervolk van die Zuid-Afrikaanse Republiek een volk is wat in twee internasionale volke verdeel is deur kolonialisme;

En aangesien die twee Boervolke ook bondgenote was in die oorlog teen Brittanje en dit uitdruklik, alternatiewelik stilswyend, alternatiewelik by implikasie beteken dat die een in

die bresse sal tree en sal ageer vir die ander sou die ander nie in staat wees om dit te kan doen nie;

En aangesien daar nie tans n Waarnemende Volksraad vir die ZAR bestaan of ander derglike spreekbuis om namens die Boervolk van die ZAR te ageer nie;

Derhalwe verklaar en roep die Boervolk van die Oranjevrijstaat uit, via sy waarnemende Volksraad, namens die Boervolk van die Oranjevrijstaat wat insluit die oostelike gedeelte van Natalia, die Boervolk van die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Boervolk as geheel, -

DAT:

1.vanaf 31 Mei 2026 -

i. Geen een van die wette, regulasies, reëls, jotas en/of titels van die RSA administrasie verder van toepassing is en geldig is op die geheel van die Boervolk in die gebiede Oranjevrijstaat, die eertydse Zuid-Afrikaanse Republiek grondgebied en die Republiek van Natalia nie;

ii. die gemelde Boervolk en Boere Republieke vry en onafhanklik van die RSA Administrasie sal wees.

iii. En dat die Boervolk in geheel vanaf 31 Mei 2026 nie verder val onder die jurisdiksie van die RSA Howe nie, maar dat die Boervolk sy eie Hooggeregshowe van Jurie van eweknieë sal hê, welke die hoogste hof van die Boervolk sal wees en welke howe ondergeskik aan geen ander hof sal wees nie.

iv. Identifikasie dokumentasie uitgereik deur die Waarnemende Volksraad en Administrasie van die Oranjevrijstaat aan Boere en Boerinne, prima facie bewys van Boervolk burgerskap sal wees.

v.

(a) die Waarnemende Volksraad en Administrasie van die Oranjevrijstaat die bestuur van die Boerrepublieke in die interim, sal hanteer en behartig tot en met die Republieke se onderskeie volksverkiesings.

(b)Beide Republieke, Oranjevrijstaat en Transvaal (Zuid-Afrikaanse Republiek) sal so spoedig doenlik volksverkiesings hou, elkeen volgens sy konstitusie en grondwet van toepassing in 1899, waarkragtens ‘n Volksraad en ‘n Staatspresident verkies sal word per Republiek.

(c)die interim administrasie sal behartig word met die Oranjevrijstaat Constitutie van 1879 as grondwet.

2.Die RSA administrasie met daadwerklike stappe die stelselmatige oorhandiging van die administrasie van die gebiede aan die Boervolk bewerkstellig, - die koste verbonde aan die daarstelling van die Boervolk administrasie vir die rekening van die huidige RSA administrasie te wees.

3. Alle ooreenkomste gesluit, Internasionaal en plaaslik, deur en met die RSA Administrasie van nul en gener waarde is nie, tensy hernu word met die onderskeie Boervolke se Administrasies.

4. Alle persone, instansies, instellings, regerings of wie ook al in besit is van Boervolk eiendom, of ooit in besit daarvan was, onmiddellike die Waarnemende Volksraad van die Republiek Oranjevrijstaat daarvan in kennis stel te die ondervermelde e-pos adres.

5. Oranjevrijstaat staatskoerantkennisgewings sal voortaan geplaas word by www.oranjevrijstaatboervolk.com en sodra geplaas geag gelees te gewees het.

Gedoen en geteken te Bloemfontein op hierdie 22 ste dag van Mei 2026.



-------------------------------------------

Per: Willem A. Rossouw (Wim)

Lid Waarnemende Volksraad www.oranjevrijstaatboervolk.com

Republiek Oranjevrijstaat navrae@oranjevrijstaat.com